

## Wêrelddiabetesdag: Verpleegkundiges is onbesonge helde in diabetessorg

Portia Jordan\*

Diabetes, ook genoem diabetes mellitus (DM), is 'n aftakelende toestand wat miljoene mense wêreldwyd affekteer. Volgens die [Internasionale Diabetesfederasie](#) (IDF) het daar in 2017 sowat 463 miljoen volwassenes (20–79 jaar) met diabetes saamgeleef, en hierdie syfer sal na raming teen 2045 tot 700 miljoen styg. China het die hoogste voorkoms in die wêreld van mense wat met diabetes saamleef, met 116 miljoen mense wat met die toestand saamleef. Indië is tweede met 77 miljoen, gevolg deur die VSA met 31 miljoen.

In Suid-Afrika het 12,7% volwassenes in 2019 diabetes gehad, wat 'n styging van 137% is in vergelyking met die 2017-syfer van 5,4%. Volwassenes wat met diabetes gediagnoseer word, se risiko om gehospitaliseer te word, is 3,5 keer hoër as diegene sonder 'n geskiedenis van diabetes (IDF).

Diabetes kom voor wanneer die pankreas nie genoeg insulien kan vervaardig nie (tipe 1) of nie die insulien wat vervaardig word, kan gebruik nie (tipe 2), wat tot hoë bloedsuikervlakke lei. Risikofaktore vir diabetes sluit in om oorgewig te wees, fisieke onaktiwiteit of indien daar 'n familiegeskiedenis en geneigdheid tot die siekte is. Diabetes kan komplikasies soos blindheid, amputasies en skade aan die hartbloedvate, niere of bloedvate veroorsaak. Volgens die [Wêreldgesondheidsorganisasie](#) (WHO) sluit direkte mediese kostes wat met diabetes verband hou, uitgawes vir die voorkoming en behandeling van die siekte en die komplikasies daarvan, buitepasiënte- en noodsoorgkoste, sorg in die hospitaal en langtermyn-sorg in.

In reaksie op toenemende kommer oor die gesondheids- en ekonomiese las wat diabetes inhou, het die IDF in 1991 met die ondersteuning van die WHO [Wêrelddiabetesdag](#) bekendgestel. Die het in 2006 'n amptelike bewustheidsdag van die Verenigde Nasies geword en word jaarliks op 14 November gevier om bekostigbare en billike toegang tot diabetessorg te bevorder. Die bevordering van selfsorg en selfbestuur van die siekte onder mense wat met diabetes saamleef, kan tot 'n beter lewensgehalte bydra en kan die ekonomiese las verbonde aan die siekte verhoog. Ten einde hierdie mandaat te bereik, het Wêrelddiabetesdag ten doel om: “voorspraak en gekoördineerde sorg te bevorder om diabetes as 'n wêreldgesondheidsuitdaging aan te spreek.

Die tema van Wêrelddiabetesdag 2020 was: Die verpleegkundige en diabetes. Die veldtog is daarop gemik om bewustheid te skep oor die kritieke rol wat verpleegkundiges speel om mense wat met diabetes saamleef, te ondersteun, veral gedurende die huidige pandemie. Diabetes word met 'n verhoogde risiko vir COVID-19 verbind. Namate die hoeveelheid mense wat wêreldwyd met diabetes saamleef, aanhou styg, word die rol van verpleegkundiges en ander gesondheidsorgpraktisyns al hoe belangriker om die siekte te bestuur.

Sowat 59% van die gesondheidsorgstelsel bestaan uit verpleegkundiges, wat hulle volgens die WHO 'n noodsaaklike onderdeel maak van die multidissiplinêre benadering tot en versorging van mense wat met diabetes saamleef. Verpleegkundiges speel 'n sleutelrol in die bevorderlike, voorkomende, kuratiewe, rehabiliterende en psigososiale sorg en bestuur van diabetes. Hulle beskik oor die nodige kennis, vaardighede en bekwaamheid wat hulle in hul basiese en/of spesialis-opleiding opgedoen het, met betrekking tot die diagnostiese redeneringsproses, naamlik gesondheidsassessering, diagnose, beplanning, implementering, rekordhouding en evaluasie.

Deur 'n omvattende gesondheidsassessering te doen en pasiënt-gesinsonderhoude te voer, kan belangrike inligting oor die oorsake, risikofaktore, mediese, chirurgiese, maatskaplike,

farmakologiese en nie-farmakologiese of ander terapieë bekom word. Dit kan met die besluite oor die behandeling vir die siekte help. Verpleegkundiges kan sosiale gewoontes, leefstylveranderinge of vroeë waarskuwingstekens en simptome van die siekte identifiseer deur hierdie benadering te volg. Diagnose, beplanning en die inwerkingstelling van sorg kan as deel van die wetenskaplike proses deur verpleegkundiges gelei word, en verwysings kan vroegtydig gedoen word, ten einde dus die siekte óf te voorkom, óf om die welstand van mense met diabetes te bevorder.

Ander praktyke wat verpleegkundiges in die versorging van mense met diabetes toepas, sluit in die toediening van medikasie, sifting vir en bestuur van komplikasies, byvoorbeeld wond Sorg, oogsorg en die verskaffing van gesondheidsopvoeding. Afgesien van die biomediese benadering, het verpleegkundiges die vermoë en kennis om na die persoon met diabetes om te sien ten opsigte van hul psigososiale behoeftes en die veranderinge in gedrags- en opvoedkundige behoeftes. Verpleegkundiges speel ook 'n belangrike rol om sielkundige ondersteuning aan hulle te bied.

Daar is 'n verskeidenheid hulpbronne beskikbaar om die besluitneming in die versorging van mense wat met diabetes saamleef, te lei. Die [WHO se Wêreldwye verslag oor diabetes](#) bied byvoorbeeld 'n oorsig van die diabeteslas, die intervensies wat beskikbaar is om diabetes te voorkom en te bestuur en aanbevelings vir sorg. Die "[WHO HEARTSD: diagnosis and management of type 2 diabetes](#)" fokus op die verbetering van kardiovaskulêre sorg wat met diabetes verband hou binne die konteks van primêre sorg. Verder is daar verskeie kliniese praktiese riglyne beskikbaar om verpleegkundiges in hul besluitneming te ondersteun wanneer hulle mense versorg wat met diabetes saamleef.

Verpleegkundiges het egter hulpbronne in die vorm van menslike kapitaal, voorrade en opleiding nodig om die versorging en bestuur van mense met diabetes doeltreffend te ondersteun. Gesondheidsorginstellings moet in opvoedingsinisiatiewe vir verpleegkundiges belê om die beskikbare bewyse te vertaal en te implementeer in die kommunikasie van versorgings- en bestuursbeginsels aan pasiënte, gesinslede en ander gesondheidsorgpraktisyne.

As 'n mens die huidige transformasie van verplegingsopleidingplatforms en kurrikulumvernuwingsprosesse in Suid-Afrika in ag neem, is dit die ideale geleentheid om verpleegkundige opleiding te hersien en innoverende en veelvlakkige opvoedkundige benaderings in te sluit ten einde groter bewustheid oor diabetes by alle kategorieë van verpleegkundiges te skep. Verplegingsverfrissing in die vorm van voortgesette professionele ontwikkeling en kortkursusse mag dalk nodig wees om verpleegkundiges se vaardighede oor diabetesopvoeding en -bestuur te verbeter ten einde die lewering van die jongste, vaardige en bekwame sorg vir die diabetesbevolking te verseker. Pasiënt- en gesinsgesentreerde sorgmodelle moet oorweeg en gebruik word ten einde die betrokkenheid van mense met diabetes en hul gesinne by hul versorging te bevorder.

Met Wêrelddiabetesdag vanjaar glo ek dat weens die unieke vaardighede en bekwaamheid waaroor verpleegkundiges beskik, hulle 'n baie groot bydrae kan lewer tot die versorging van mense wat deur diabetes geraak word en 'n verskil in hul lewens kan maak. Terselfdertyd herinner dit ook gesondheidsorginstellings daaraan om in verpleegkunde te belê en om verpleegkundiges in diabetessorg en -bestuur te bemagtig ten einde die beste bewysgebaseerde sorg aan mense met diabetes te lewer.

**\*Prof Portia Jordan is die Uitvoerende Hoof van die Departement Verpleeg- en Verloskunde in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.**